



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V2**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 30**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  

AFDELING A:	Gehooropleiding	(8)
AFDELING B:	Herkenning van Musiekkonsepte	(14)
AFDELING C:	Vormontleding	(8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2 en VRAAG 6 is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord ook VRAAG 3 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)) **OF** VRAAG 4 (Jazz) **OF** VRAAG 5 (Westerse Kunsmusiek (WKM)).
4. Skryf AL jou antwoorde op die vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen word geskryf terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier en is bedoel vir rofwerk. Die kandidaat mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

*Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir korrekte antwoorde wat nie in hierdie nasienriglyne verskyn nie.*

### AFDELING A: GEHOOROPLEIDING

#### VRAAG 1

Snit 1

1.1 Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 3 hieronder.

½ punt x 4 soos aangedui (2)

Snit 2

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B).

Toonhoogte en ritme moet korrek wees: ½ punt x 2 (1)

Snit 3

1.3 Dui die korrekte weergawe van die uittreksel wat jy hoor aan deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

EEN punt (1)

[4]

**VRAAG 2**

Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van die volgende TWEE uittreksels.

Snit 4

2.1.1 Volmaakte kadens

1 punt

(1)

Snit 5

2.1.2 Onvolmaakte kadens

1 punt

(1)

Snit 6

2.2 Watter EEN van die volgende beskryf die metrum?

<del>Onreëlmatige tyd</del>	Tweeslagmaat	Drieslagmaat	Vierslagmaat
-----------------------------	--------------	--------------	--------------

1 punt

(1)

Snit 7

2.3 Watter term beskryf die kontoer van die melodie die beste?

Afgaande	<del>Sekwense</del>	Arpeggio formasies	Trapsgewys
----------	---------------------	--------------------	------------

1 punt

(1)

Snit 8

2.4 Identifiseer die prominente komposisietegniek.

<del>Ostinato</del>	Nabootsing	Omkering	Pedaalpunt
---------------------	------------	----------	------------

1 punt

(1)

Snit 9

2.5 Identifiseer die beste beskrywing van hierdie vokale stuk.

Atonaal	TTB	<del>A cappella</del>	Polifonies
---------	-----	-----------------------	------------

1 punt

(1)

## Snit 10

- 2.6 Dui TWEE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Aangehoue akkoorde op klawerbord	X
Herhaalde ritme-motief	X
I–V–IV–V	
I–V–ii–IV–V	X
Solo manstem met vertragingseffek ('delay effect')	X
Melodie op die sintetiseerder	

2 x 1

(2)

(8 ÷ 2)

**[4]****TOTAAL AFDELING A:****8**

**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE****Beantwoord VRAAG 3 (IAM)  
OF VRAAG 4 (JAZZ)  
OF VRAAG 5 (WKM)**

*Nota aan die nasiener: indien 'n kandidaat meer items aandui as wat gevra word, moet slegs die eerste antwoorde nagesien word.*

**VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA MUSIEK (IAM)**

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

Snit 11

- 3.1 Dui DRIE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 11 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Beenratels	X
Roep en antwoord	
Kruisritmes	X
'n Verandering van polsslag	X
Parallele harmonie	
Liggaamsperkussie	X
Membranofone	
Homofonie	

3 x 1

(3)

Snit 12

- 3.2 Dui DRIE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 12 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
A cappella	
Agtergrondstemme sing in parallelle intervalle	X
Roep en antwoord	X
Enkelvoudige tweeslagmaat	X
Vierstemmige sang	
Basstemparty word verdubbel deur baskitaar	X
Saamgestelde tydmaat	
Polifoniese tekstuur in agtergrondstemme	

3 x 1

(3)

**Snit 13**

3.3 Beskryf die kenmerke van die musiek wat in hierdie uittreksel gehoor word.

- Dis 'n inleiding
- Word deur akkordeon gespeel
- Melodie word in oktawe gehoor
- Pentatoniese melodie
- Herhaalde akkoorde aan die einde van die inleiding
- Vryheid van metrum aan die begin
- Metrum verander na streng twee polsslae per maat
- Intrede van die stem dui die einde van die inleiding/uittreksel aan

**Enige VIER** (4)

**Snit 14**

3.4 Watter toonleer vorm die basis van die melodie in hierdie uittreksel?

**Antwoord:** Pentatonies

**1 punt** (1)

**Snit 15**

3.5 Beskryf die ritmiese eienskappe van die begeleiding in hierdie uittreksel.

- Skoffel/*Skiffle*-ritme word deur kitaar en tromstel gespeel
- Baskitaar speel op die polsslag/lopende bas

**1 punt** (1)

## Snit 16

3.6 3.6.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 16 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	SNIT 16
Perkussie deur middel van voetestamp	X
Instrumentale tussenspele	
Tweestemmige sang	
Vierstemmige sang	X
Trapsgewyse melodie	
Forte- en piano-dinamiek word gebruik	X
Ululasie	
Djembe is deel van die ritmeseksie	
Gesinkopeerde ritme	X

3 punte

(3)

## Snit 17

3.6.2 Identifiseer die tydmaatteken van die musiek in die uittreksel.

Antwoord:  $\text{C}$  OF  $\frac{4}{4}$  OF  $\text{C}$  OF  $\frac{2}{2}$

1 punt

(1)

## Snit 18

3.7 3.7.1 Beskryf die rol van die leier in die inleiding.

- Stel die toonsoort van die lied vir die groep vas
- Stel die tempo vas
- Verskaf die roep
- Dui aan wanneer die groep begin sing

Enige EEN

(1)

## Snit 19

3.7.2 Noem TWEE vokale tegnieke wat in hierdie uittreksel gehoor word.

- Vokale gly (*scooping*)
- Krepitasië

2 punte

(2)



## Snit 20

- 3.8 Kies VIER stellings in KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Lopende bas in agtstenote	X
Eie ritme-patrone op tromstel, klavier en baskitaar	
Melodiese fragmente deur penniefluitjie	X
Mbaqanga-musiek	
Kreptasie deur die mansanger	
Kwêla-invloede	X
Saksofoon lei nuwe melodiese materiaal in	X
Gemengde vokale ensemble	
Sikliese akkoordstruktuur	X

4 x 1

(4)

## Snit 21

- 3.9 3.9.1 Noem die titel van hierdie musiek.

**Antwoord:** *Phamba Madiba*

1 punt

(1)

- 3.9.2 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf, WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) of (b) hieronder neer.

(a) WAAR

(b) ONWAAR

2 punte

(2)

## Snit 22

- 3.10 Identifiseer die akkoordsiklus wat in die uittreksel gebruik word.

I-IV-V-V	<del>IV-V-I-I</del>	I-I-V-IV
----------	---------------------	----------

1 punt

(1)

Snit 23
---------

3.11 Beskryf die musiek wat jy in hierdie uittreksel hoor.

- Manstemme sing noue harmonieë ('close harmonies') in die inleiding
- Parallele harmonie
- Die aanvanklike gesinkopeerde motief word drie keer herhaal
- Solo manstem met begeleidende kort vokale motiewe
- Opgewekte gevoel
- Moderne isicathamiya met instrumentale begeleiding

<i>Enige EEN</i>	(1)
------------------	-----

(28 ÷ 2) [14]

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

*Nota aan die nasiener: indien 'n kandidaat meer items aandui as wat gevra word, moet slegs die eerste antwoorde nagesien word.*

#### VRAAG 4: JAZZ

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

Snit 24

- 4.1 Dui DRIE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 24 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Trommotief op toms	<b>X</b>
Bas-ostinato deurgaans	
Vinnig en lewendig met 'n swing-dansritme	<b>X</b>
Klarinet-improvisasie	<b>X</b>
Gedempte horing-seksie	
Verwerkte musiek vir big band	<b>X</b>
Onreëlmatige tydmaat in 'n swing-maatslag	
Vinnige tempo met 'n bebop-maatslag	

3 x 1

(3)

Snit 25

- 4.2 Dui DRIE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 25 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Ragtime	
New Orleans-jazz	<b>X</b>
Glissando	<b>X</b>
Hoofmelodie op houtblasers	
Saksofoon-solis	
Klarinet speel melodiese fragmente	<b>X</b>
Drieslagmaat	
Teenmelodie (Kontramelodie) deur tromboon gespeel	<b>X</b>

3 x 1

(3)

## Snit 26

4.3 Beskryf die inleiding sowel as die hantering van die melodie in hierdie uittreksel.

**Inleiding**

- Instrumentale inleiding (klavier, tromstel/snaartrom en kontrabas)
- Matige tempo/moderato
- Inleiding bestaan uit 'n 8-maat frase
- Sagte dinamiek
- 4-akkoord patroon word 4 keer herhaal
- Tromstel/snaartrom gebruik 'n borsel-tegniek vir die begeleiding
- Klavier speel gesinkopeerde akkoorde voor eerste en derde polsslage
- Kontrabas verdubbel die klavierritme

**Melodie**

- Vrouestem/altstem/jazz sanger
- Gesinkopeerde ritme/melodie begin op tweede polsslage
- Meestal trapsgewyse beweging, maar spronge van sesdes en oktawe kom voor
- Begin op die dominantnoot
- Nuanses in vokale toonkleur ondersteun die emotiewe inhoud van die lied

*Enige VIER  
Ten minste EEN per item*

(4)

## Snit 27

4.4 Wat is die tonaliteit van die musiek wat in hierdie uittreksel gehoor word?

**Antwoord:** Mineur/dissonant/akkoorde wat uit vierdes opgebou word

1 punt

(1)

## Snit 28

4.5 Beskryf die ritmiese kenmerke van die begeleiding in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Skoffel/Skiffle-ritme op kitaar en tromstel
- Baskitaar speel op die polsslage/lopende bas

1 punt

(1)

## Snit 29 en 30

4.6 Dui TWEE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 29 en 30 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies vir elke snit.

KOLOM A	SNIT 29	SNIT 30
Melodiese omvang van 'n sewende	X	
Ballade-agtige styl met 'n hees kwaliteit		X
Spraakagtige, vokale gelyksang('chant')-kwaliteit	X	
Liriese sopraan		
Reëlmatige vier-maat melodiese frase		X
Sekwense in melodie gebruik		X
Glissando op die laaste noot van elke frase	X	
Herhaling van twee frases		

2 x 2

(4)

## Snit 31

4.7 Beskryf die begeleiding in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Elektriese kitaar is prominent
- Gebroke-akkoord-inleiding / kitaar “comping”/ geplukte snare
- Begin op die dominant akkoord
- Yl begeleiding op die kitaar
- Vullers (melodies en akkoordstyl) op die kitaar word saam met die vokale frases gehoor
- Baskitaar speel “cut time” / halfnote / twee polse per maat.

Enige TWEE

(2)

## Snit 32

4.8 Kies 'n toepaslike modus vir hierdie musiekuitreksel.

Ionies	Dories	<del>Frigies</del>	Lidies
--------	--------	--------------------	--------

1 punt

(1)

## Snit 33

- 4.9 Kies VIER beskrywings in KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Afrika-township-jazz	X
Voortstuwende, energieke riff in bastrom	
Eie ritme-patrone op klavier en tromboon	X
Simfoniese jazz	
Ragtime- en blues-invloede	
Beuel-agtige roepe deur trompette	X
Skerp akkoord-aksente deur saksofone	X
Afwisselende vier-akkoordsiklus	
Dialog-verwerking tussen koperblasers en houtblasers	X

4 x 1

(4)

## Snit 34


- 4.10 4.10.1 Noem die titel van hierdie stuk musiek.

**Antwoord:** *Umjomela*

1 punt

(1)

- 4.10.2 Identifiseer die akkoordsiklus wat in die uittreksel gebruik word.



1 punt

(1)

- 4.10.3 Dui aan of die volgende stellings wat die musiek beskryf, WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) of (b) hieronder neer

- (a) WAAR  
(b) ONWAAR

2 punte

(2)

**Snit 35**

4.11 Identifiseer EEN prominente aspek van die ritme van die begeleiding.

- Herhalende ritmiese motiewe
- Marabi-agtige styl
- Konstante ritme op snaartrom
- Sinkopasie

*Enige EEN* (1)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

*Nota aan die nasiener: indien 'n kandidaat meer items aandui as wat gevra word, moet slegs die eerste antwoorde nagesien word.*

### VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

Snit 36

- 5.1 Dui DRIE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 36 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Cantabile- en legato-melodie	<b>X</b>
Agitato	
Gebroke-akkoord-begeleiding	<b>X</b>
Polifoniese tekstuur	
Vierslagmaat	
Dissonante akkoorde	<b>X</b>
Klassieke periode	
Rubato	<b>X</b>

3 x 1

(3)

Snit 37

- 5.2 Dui DRIE items uit KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 37 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Impressionisme	
Strykkwartet	<b>X</b>
Opgaande chromatiese toonlere	<b>X</b>
Melodiese nabootsing	<b>X</b>
Strykorkes	
Legato-motiewe	<b>X</b>
Heeltoon-toonleer	
Staccato melodiese fragmente	

3 x 1

(3)



## Snit 38

5.3 Beskryf hoe die komponis die musikale materiaal van die eerste TWEE frases in die herhaling ontwikkel het.

**Antwoord:**

**Algemene eienskappe**

- Sopraan- en altstemme sing die eerste helfte van elke frase
- Sang is in unisoen, 'n oktaaf uitmekaar
- Die tweede helfte van elke frase is in vierstemmige harmonie (eerste kadens: onvolmaak, tweede kadens: volmaak)
- Vierstemmige harmonie deur vrouestemme
- Die kadenspasing van die tweede frase word uitgebrei voordat dit oplos by die volmaakte kadens

Enige VIER

(4)

## Snit 39 en 40

5.4 Voltooi die volgende tabel.

**Antwoord:**

EIENSKAP	SNIT 39	SNIT 40
Stem tipe	Bas	Koloratuursopraan
Italiaanse tempo-aanduiding	Adagio/Larghetto	Allegro/Agitato

EEN korrekte feit per blok x ½

(2)

## Snit 41 en 42

5.5 Beskryf die melodieë in die volgende TWEE uittreksels.

**SNIT 41**

- 'n Cantabile-melodie in *bel canto*-styl
- Kombinasië van gebroke akkoorde en trapsgewyse beweging
- Opwaartse spronge en appoggiaturas verhoog emosionele diepte
- Peinsende en mymerende karakter
- Omvang van tiende
- Melismas dra by tot 'n legato cantabile styl

Enige TWEE

**SNIT 42**

- 'n Ligte, volksagtige melodie
- Ongekompliseerde en singbare styl
- Meestal trapsgewyse beweging
- Lewendige en speelse karakter waartoe kort staccato-note bydra
- Omvang van negende
- Kort melismas ('slurs') dra by tot speelse karakter

Enige TWEE

2 x 2 = 4

(4)

Snit 43

5.6 Identifiseer die kadens aan die einde van hierdie uittreksel.

**Antwoord:** Onvolmaakte kadens

1 punt

(1)

Snit 44

5.7 Kies die toepaslike karakter aanduiding vir hierdie musiek uittreksel.

Giocoso	Lebhaft	Sotto voce	<del>Risoluto</del>
---------	---------	------------	---------------------

1 punt

(1)

Snit 45

5.8 Identifiseer die prominente komposisietegniek wat in hierdie uittreksel gehoor word.

Sekwens	Teenbeweging	<del>Nabootsing</del>	Ornamentasie
---------	--------------	-----------------------	--------------

1 punt

(1)

Snit 46

5.9 Kies VIER stellings in KOLOM A wat die musiek wat jy hoor die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Chromatiese afgaande en opgaande bewegings	X
Klarinet speel laaste opgaande solo	
Fortissimo tutti-akkoorde	X
Kodetta	
Glissando in die strykers	
Ritardando	X
Klarinette speel die hooftema pianissimo	X
Gesinkopeerde tjello- en baslyn-kadensfiguur	
Fanfare in die trompette	X

4 x 1

(4)

## Snit 47

5.10 5.10.1 Wat is die beskrywende titel van hierdie beweging?

**Antwoord:** *Storm*

1 punt

(1)

5.10.2 Dui aan of die volgende stellings wat die musiek beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) of (b) hieronder.

(a) WAAR

(b) ONWAAR

2 punte

(2)

5.10.3 Kies die korrekte gebruik van dinamiek in hierdie uittreksel.

Pianissimo	<del>Piano met 'n crescendo</del>	Fortissimo	Forte met 'n decrescendo
------------	-----------------------------------	------------	--------------------------

1 punt

(1)

## Snit 48

5.11 Beskryf die musiek wat jy in hierdie uittreksel hoor.

- Die laaste mate van die vierde beweging van Beethoven se *Pastorale Simfonie*
- Begin met 'n piano (*p*) koraalagtige seksie met 'n dalende melodiese lyn en 'n soetklinkende/dolce karakter
- Begeleiding is deur die lae strykers wat 'n pianissimo tremolo-figuur speel
- Hierdie koraalagtige seksie en begeleidingsfiguur word herhaal
- Die einde bestaan uit 'n opgaande toonleerpassasie op solofluit wat deur 'n aangehoue akkoord in die orkes ondersteun word
- Die fluitpassasie vorm 'n brug na die vyfde beweging wat dan dadelik sonder onderbreking begin

Enige EEN

(1)

(28 ÷ 2)

[14]

**TOTAAL AFDELING B:**

**14**

**AFDELING C: VORMONTLEDING (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 6**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Snit 49

The first system of musical notation consists of four measures. The treble clef staff begins with a C-clef and a common time signature. The bass clef staff begins with an F-clef and a common time signature. The music features a series of eighth and sixteenth notes in both hands, with some accidentals (sharps and naturals) appearing in the treble staff.

The second system of musical notation consists of four measures, starting with a measure number '5' at the beginning. The notation continues with similar rhythmic patterns as the first system. The word 'Fine' is written above the treble staff at the end of the fourth measure.

The third system of musical notation consists of four measures, starting with a measure number '9' at the beginning. The treble staff features a series of eighth notes with a '7' (finger number) above the first note. The bass staff features a series of eighth notes with a '7' below the first note. The word 'Fine' is written above the treble staff at the end of the fourth measure.

The fourth system of musical notation consists of four measures, starting with a measure number '13' at the beginning. The treble staff features a series of eighth notes with a '7' above the first note. The bass staff features a series of eighth notes with a '7' below the first note. The word 'D.C. al Fine' is written above the treble staff at the end of the fourth measure. A bracket labeled '(M)' is placed below the bass staff, spanning the last two measures.

- 6.1 Verskaf 'n skematiese uitleg van die vorm. Trek lyne in die tabel hieronder en dui ELKE seksie met die ooreenstemmende maatnommers aan.

SEKSIES	MAATNOMMERS
A $\frac{1}{2}$	1–8 $\frac{1}{2}$
B $\frac{1}{2}$	9 –16 $\frac{1}{2}$
A $\frac{1}{2}$	1–8 $\frac{1}{2}$

6 x  $\frac{1}{2}$  (3)

- 6.2 Noem die oorkoepelende vormtipe van die stuk.

**Antwoord:** Drieledig/ABA

1 punt (1)

- 6.3 Noem die toonsoort en tipe kadens by (M) in mate 15<sup>3</sup>-16.

**Antwoord:**

Toonsoort: A mineur

Kadens: Onvolmaak

Toonsoort = 1 punt  
Kadens = 1 punt (2)

- 6.4 Bestudeer die partituur in mate 9-12. Noem die komposisietegniek.

**Antwoord:** (Motief en) sekvens, nabootsing

1 punt (1)

- 6.5 Dui die term aan wat die karakter van die stuk die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Andante molto	Larghetto	<del>Allegro con moto</del>	Allegretto tranquillo
------------------	-----------	---------------------------------	--------------------------

1 punt (1)

**TOTAAL AFDELING C: 8**  
**GROOTTOTAAL: 30**